Beste KANSA-vriend

KANSA Relay for Life Paarl
Die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) se Relay for Life is ‘n unieke gebeurtenis wat aan elkeen in die gemeenskap die geleentheid bied om deel te neem aan die stryd teen kanker. Dit verteenwoordig die hoop dat diegene wat die stryd teen kanker verloor het, nooit vergeet sal word nie, dat diegene wat kanker in die gesig staar, ondersteun sal word en dat kanker eendag oorwin sal word.

KANSA beoog om `n Relay For Life bekendstelling in die Paarl aan te bied op 13 Mei 2009. In Suid Afrika het 45 gemeenskappe reeds Relay For Life komitees op die been gebring. Hierdie is ‘n geleentheid wat u nie durf misloop nie

Wat is Relay for Life?
Relay for Life is ‘n prettige, deurnag, spangeleentheid wat die bewusmaking van kanker verhoog en ook baie nodige fondse insamel wat benodig word vir die stryd teen kanker. Die gebeurtenis word gedryf deur vrywilligers en is die eiendom van die gemeenskap. Tydens die Relay verbind spanne van 10-15 vriende, bure, families en mede-werkers hulle om ten minste een lid van die span te alle tye om die baan te laat stap, want kanker slaap nooit nie.

Spanne slaan kamp op rondom die baan voordat die Relay for Life-geleentheid deur die roerende Oorlewendes se Ere-rondte geopen word. Na sonsondergang word kerse in die luminaria-sakke reg rondom die baan aangesteek. Almal vergader dan om hulde te bring en diegene te onthou wat die stryd teen kanker verloor het, om diegene wat kanker onderlede het te ondersteun en saam te juig met hulle wat die epidemie bestry en oorwin het.

Gedurende die hele nag en die volgende dag geniet almal die vermaak, die pret en die kameraderie in ‘n feestelike atmosfeer. Elke gemeenskap se Relay for Life is spesiaal en is deel van ‘n nasionale- en internasionale beweging in die stryd teen kanker.

- **Gedenk** die lewens van diegene wat teen kanker gestry het. Die krag van die oorlewendes inspireer andere om met die stryd voort te gaan.

- **Onthou** geliefdes wat die stryd teen die epidemie verloor het. Tydens die Relay kan mense wat saam met diegene was wat die stryd teen kanker verloor het, treur en heling ervaar.

- **Veg terug.** Ons Relay want ons is aangeraak deur kanker en ons is desperaat om ‘n einde aan die epidemie te maak.

U word vriendelik uitgenooi om op Woensdag 13 Mei om 19:00 by Hoërskool Gimnasium Paarl se Ouditorium `n voorlegging by te woon om meer hiervan te wete te kom.
Skakel Alta Falck by 023 342 7058 of Faks 023 342 7058 of e-pos afack@cansa.org.za om bywoning te bevestig. Ligte verversings sal aangebied word.